



Ritme in die Kleuterskool

IV.

OPVOEDING in ritme word meer en meer erken as van fundamentele belang in die ontwikkeling van die mens. So bestaan daar dus seer seker ook die behoefte aan ritmiese orde in die liggaamlike welsyn van die kind.

Die doeltreffendheid van afwisselende periodes van rus en bedrywigheid, voeding en vas, daaglikse bad en ander sake van persoonlike higiëne hang af van die gereeldheid van hulle beoefening. Die kind se fisiese natuur vereis dit, en dit is die plig van die kleuterskool om met die huis mee te werk om dit uit te voer en vol te hou.

Dit is definitief erken dat die wenslike atmosfeer van vrede en opgeruimdheid wat in elke goeie kleuterskool en huis te vinde is, grotendeels afhanklik is van die ritme van die daaglikse arbeid.

Vroeg reeds begin die kind te reageer op ritmiese klank en beweging deur spontane tekens van genieting en nadoen, b.v.:—

1. Die babetjie lag as hy op en neer gegooi word;
2. die babetjie slaap as hy gesus word;
3. die babetjie slaap by die sing van 'n wiegiedjie;
4. die babetjie luister met gespanne aandag na die getik van 'n horlosie.

Dit volg dus natuurlik dat hy later sy liggaam, voete, arms en bene in harmonie met ritme sal beweeg om uitdrukking te gee aan die neiging wat hom van binne aanspoor om te beweeg.

Die ondervinding leer ons dat die kind se aandag getrek word deur klanke, maar dat daar by hom die vermoë ontbreek om aanhoudende aandag te gee.

Deur ritmiese luister-oefeninge sal die kind egter beide die vermoë en die begeerte ontwikkel om verlengde aandag te gee aan klanke wat in die alledaagse lewe gehoor

word. Dit beteken ontwikkeling van selfbeheer van die liggaam en die verstand, en is van baie groot belang.

'n Waardevolle oefening om dié vermoë te bewonder is die „stilte-speletjie.” Hier is die kind verplig om die geluide deur homself gemaak in toom te hou sodat hy die klanke rondom hom gewaar word. Dit beteken op sigself ook 'n uitstekende oefening in selfdiscipline. Die kind sal wel nie sy luister-vermoë deur die „stilte-speletjie” alleen ontwikkel nie, maar die een wat die gretigste is om daaraan deel te neem sal ook die eerste wees om die liggaam, voete en hande op duidelik aangegeve ritme te beweeg en selfs klanke na te boots. Dus leer hy deur liggaamlike ondervinding, en daar ontwikkel by hom 'n groeiende gewaarwordings- opvattingsvermoë deur indrukke op die sintuie.

Omdat daar 'n sterk inherente gevoel van ritme by alle kinders is, behoort ons spesiale aandag te wy aan die studie en ontwikkeling van ritmiese werk en gunstige omstandighede te voorsien vir die beoefening daarvan.

Die eerste punt om hier in aanmerking te neem is watter soorte bewegings om te ontwikkel en hoe om aan hulle uitdrukking te laat verleen. Vir die beoefening van ritme is dit wenslik dat daar aan die begin eenvoudige en natuurlike bewegings gekies word; d.i. bewegings soos deur die kinders self gebruik word wanneer hulle vry buite speel, b.v. stap (stadig en vinnig), hardloop, trippel, huppel, spring ens.

Die volgende punt wat ons aandag verdien is of die bewegings met musiek-begeleiding moet gepaard gaan of nie.

Waar dit enigszins moontlik is, sou dit bepaald beter wees om ritmiese uitdrukking deur musiek te beoefen. Maar waar by voorbeeld die onderwyseres nie musiek ken

nie of by afwesigheid van 'n klavier of ander musiekinstrument is dit nog nie nodig dat ons ritmiese werk agterweë laat nie, want daar is ander praktiese maniere om die verskillende ritmes aan te gee deur b.v.:

1. 'n Tamboeryn (slaan of skud).
2. Klokkies (skud). Tuieklokkies word aan 'n stukkie leer vasgebind of in 'n sirkeltjie van draad geryg.
3. Trom of tamboer (slaan). 'n Metaal-skinkbord en 'n tennisbal sal ook geskik wees.
4. Bottel of blik. Tik die ritme met 'n lepel of slaan op die tafel of vloer met 'n stokkie.
5. Handegeklap.
6. Die stem gee addisionele nadruk indien, onderwyl die slae aangegee word, die ritme op 'n wyse gesing word.
7. 'n Grammofoon met geskikte plate kan met groot sukses gebruik word.

Verder kan die kinders geleer word om op eenvoudige slag-werk instrumente (trom, tamboeryn, driehoek, klokkies, simbale, kastanjette ens.) die ritme aan te gee. Om die werk interessant te maak sal die verstandige onderwyseres die lesse soveel as moontlik varieer.

Laat ons begin met eenvoudige stapbewegings.

Stap	$\frac{2}{4}$	$\dot{\rho}$ $\dot{\rho}$ $\dot{\rho}$ $\dot{\rho}$
		{ d : d d : d
Hardloop	$\frac{2}{4}$	$\dot{\rho}\dot{\rho}\dot{\rho}\dot{\rho}$ $\dot{\rho}\dot{\rho}\dot{\rho}\dot{\rho}$
		{ d. d : d. d d d : d. d
Spring	$\frac{2}{4}$	$\dot{\rho}\dot{\rho}\dot{\rho}\dot{\rho}$ $\dot{\rho}\dot{\rho}\dot{\rho}\dot{\rho}$
		{ d., d : d., d d, d : d., d
Stadige Bewegings	$\frac{2}{4}$	ρ ρ
vir Kontras		{ d : - d : -

Na ons vir 'n paar oomblikke met die beoefening van die hierbo aangegeve werk besig was, laat ons die kinders dit beoefen in die vorm van ritmiese speletjies. Die speletjies kan deur die onderwyseres aangegee word. Volkswysies en rympties kan gekorreleer word waar die ritmes ooreenstem. B.v. „aljaner, aljaner al deur die bos” is hoofsaaklik 'n hardloop-beweging. „Vanaand gaan die boertjies koring sny” is huppel en spring.

In „Ritmiese Liedjies en Speletjies” (H.A.U.M., Kaapstad) is daar 'n groot aantal sulke wysies.

Nou volg die beoefening van die verskillende ritmes in vrye oefeninge rondom die kamer, 'n huppel, spring ens. in algehele vryheid.

Eenvoudige volksdansies, soos Siembamba en Jan Pierewiet kan aangeleer word.

Die ritme-les kan afgewissel word met dramatiese verspreking, d.i. onderwyl die woorde gespreek word, stap die kinders of tik hulle die ritme met die vingers en doen hulle gepaste beweging.

Dan ook is daar mimering of stille ritmiese en dramatiese uitvoering van verskillende tipes van musiek om atmosfeer te skep. Soms kan 'n enkele stuk musiek soos 'n wiegiedjie geïnterpreteer word of selfs 'n volledige kinderspel kan daarby uitgevoer word.

Daar is 'n rykdom van interessante materiaal wat kan gebruik word, maar ongelukkig het ek hier nie plaasruimte om dit alles aan te gee nie. Voldoende is dit hier om te sê dat deur die kind 'n geleentheid te gee om hom vryelik en ritmies uit te druk, ons die masjinerie van die verstand voorberei om, wanneer dit in werking gestel word, met 'n gladde, ritmiese loop voort te gaan om te stry teen al die probleempies waarvoor die kinderlewe te staan kom.